

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

10c Friday 11 November 1977 WINDHOEK Vrydag 11 November 1977 No. 3664

CONTENTS:

PROCLAMATION:

No. AG. 9 Security Districts Proclamation, 1977.....1

GOVERNMENT NOTICE:

No. AG. 1 Declarations and Orders under the Security Districts Proclamation, 1977: Districts of Owambo, Kavango and Eastern Caprivi 7

Page

INHOUD:

PROKLAMASIE:

No. AG. 9 Proklamasie op Veiligheidsdistrikte, 1977.....1

GOEWERMENSKENNISGEWING:

No. AG. 1 Verklarings en bevele kragtens die Proklamasie op Veiligheidsdistrikte, 1977: Distrikte Owambo, Kavango en Oos-Caprivi..... 7

Bladsy

PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

(Approved by the State President on 7 November 1977)

No. AG. 9 1977

PROVISION FOR THE DECLARATION OF ANY DISTRICT AS A SECURITY DISTRICT UNDER CERTAIN CIRCUMSTANCES AND THE CONTROL OF CERTAIN MATTERS IN A SECURITY DISTRICT, AND FOR INCIDENTAL MATTERS

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN

Administrator-General Windhoek, 9 November 1977

SCHEDULE

Definitions

1. (1) In this Proclamation, unless the context indicates otherwise —

- (i) "magistrate" includes an assistant magistrate and an additional magistrate; (ii)
- (ii) "security district", in any provision of section 3, 4 or 5, means any district in which that provision

PROKLAMASIE

deur die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

(Deur die Staatspresident goedgekeur op 7 November 1977)

No. AG. 9 1977

VOORSIENING VIR DIE VERKLARING VAN ENIGE DISTRIK TOT VEILIGHEIDSDISTRIK ONDER SEKERE OMSTANDIGHEDEN EN DIE BEHEER VAN SEKERE AANGELEENTHEDEN IN 'N VEILIGHEIDSDISTRIK, EN VIR BYKOMSTIGE AANGELEENTHEDEN

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN,

Administrateur-generaal Windhoek, 9 November 1977

BYLAE

Woordomskrywings

1. (1) Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Proklamasie —

- (i) "gebied" die gebied Suidwes-Afrika; (iv)
- (ii) "landdros" ook 'n assistent landdros en 'n adisionele landdros; (i)

- applies in terms of a notice under section 2(1) or a declaration under section 2(2); (iii)
- (iii) "security forces" means the South African Police or the South African Defence Force; (iv)
- (iv) "territory" means the territory of South West Africa. (i)

(2) Any reference to a "landdros" and a "landdroshof" in the Afrikaans text of this Proclamation shall be construed as including a reference to a magistrate and a magistrate's court, respectively.

Declaration of security district

2. (1) The Administrator-General may, if he is satisfied that it is necessary for the security of the territory or the protection of the public or the maintenance of public order, by notice in the *Official Gazette* declare that the provisions of sections 3, 4 and 5, or any of those provisions specified in the notice, shall apply in a district so specified, and may at any time amend or withdraw such notice by similar notice.

(2) (a) The Administrator-general or, whenever he is absent or for any other reason unable to act, the Chief Director of the Office of the Administrator-General, may exercise any power that the Administrator-General may in terms of subsection (1) exercise by notice in the *Official Gazette*, in such other manner as he may deem fit.

(b) A declaration made under paragraph (a) in respect of any district shall remain in force until a notice is published in respect of that district under subsection (1), but in no case for longer than forty-eight hours.

Issue of orders in respect of security district

3. (1) (a) The Administrator-General or any person acting on his authority may, in such manner as he may deem fit, issue an order —

(i) prohibiting any person from residing or being at a place or in an area situated within a security district and indicated in the order;

(ii) prohibiting any person who resides or is at a place or in an area situated within a security district and indicated in the order, from leaving that place or area;

(iii) requiring any person to move from a place or area situated within a security

(iii) "veiligheidsdistrik", in 'n bepaling van artikel 3, 4 of 5, 'n distrik waarin daardie bepaling van toepassing is ingevolge 'n kennisgewing kragtens artikel 2(1) of 'n verklaring kragtens artikel 2(2); (ii)

(iv) "veiligheidsmagte" die Suid-Afrikaanse Polisie of die Suid-Afrikaanse Weermag. (iii)

(2) 'n Verwysing in hierdie Proklamasie na 'n landdros en 'n landdroshof, word uitgelê as 'n verwysing ook na, onderskeidelik, 'n magistraat en 'n magistratshof.

Verklaring van veiligheidsdistrik

2. (1) Die Administrateur-generaal kan, indien hy oortuig is dat dit vir die veiligheid van die gebied of die beskerming van die publiek of die handhawing van die openbare orde nodig is, by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* verklaar dat die bepalings van artikels 3, 4 en 5, of enige van daardie bepalings in die kennisgewing genoem, in 'n aldus genoemde distrik van toepassing is, en kan so 'n kennisgewing te eniger tyd by dergelike kennisgewing wysig of intrek.

(2) (a) Die Administrateur-generaal, of wanneer hy afwesig is of om 'n ander rede nie in staat is om op te tree nie, die Hoofdirekteur van die Kantoor van die Administrateur-generaal, kan 'n bevoegdheid wat die Administrateur-generaal ingevolge subartikel (1) by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* kan uitoefen, op die ander wyse uitoefen wat hy goedvind.

(b) 'n Verklaring wat kragtens paragraaf (a) ten opsigte van 'n distrik gedoen is, bly van krag totdat 'n kennisgewing kragtens subartikel (1) ten opsigte van daardie distrik afgekondig is, maar in geen geval vir langer as agt-veertig uur nie.

Uitreiking van bevel ten opsigte van veiligheidsdistrik

3. (1) (a) Die Administrateur-generaal of iemand wat op sy gesag handel, kan op die wyse wat hy goed ag, 'n bevel uitreik —

(i) wat enige persoon verbied om op 'n plek of in 'n gebied binne 'n veiligheidsdistrik geleë en in die bevel aangedui, te woon of te wees;

(ii) wat enige persoon wat op 'n plek of in 'n gebied binne 'n veiligheidsdistrik geleë en in die bevel aangedui, woon of is, verbied om daardie plek of gebied te verlaat;

(iii) wat enige persoon aansê om van 'n plek of gebied binne 'n veiligheidsdistrik

district and indicated in the order, to any other such place or area, and not to return to or be at or in the first-mentioned place or area;

- (iv) prohibiting any person from carrying on any activity specified in the order, at a place or in an area situated within a security district and indicated in the order, or at or in any place or area other than such a place or area situated within such a district;
- (v) prohibiting any person in a security district mentioned in the order, or any person at a place or in an area situated within a security district and indicated in the order, from being outside the boundary of a stand, lot or site or other place intended or normally used for human habitation, at any time during the night.

(b) An order issued under paragraph (a) —

- (i) may relate to any person specified in the order or any person of a category so specified, or any person other than a person of such a category, or all persons, except the members or any member of the security forces;
- (ii) shall be of force during a period specified in the order or, if no period is so specified, until it is withdrawn.

(c) In paragraph (a)(v) "night" means the period from half an hour after sunset on any day to half an hour before sunrise the following day.

(2) The Administrator-General may declare an area defined in the declaration and situated along any boundary of a security district that is also an international boundary of the territory, to be a prohibited area, and may —

- (a) order that no person shall enter or be in that area;
- (b) in such order exempt specified persons or persons of a specified category from the provisions of the order;
- (c) in such order determine conditions and requirements subject to which any person not so exempted may be permitted to enter or be in that area.

(3) The Administrator-General may determine that any person who suffered any loss in respect of his property as a result of any action taken under any provision of this section, shall be compensated, and

geleë en in die bevel aangedui, na 'n ander sodanige plek of gebied te trek, en om nie na eersgenoemde plek of gebied terug te keer of daar te wees nie;

- (iv) wat enige persoon verbied om 'n bedrywigheid in die bevel genoem, op 'n plek of in 'n gebied binne 'n veiligheidsdistrik geleë en in die bevel aangedui, of op of in 'n ander plek of gebied binne so 'n distrik geleë as so 'n plek of gebied, te beoefen;

- (v) wat enige persoon in 'n veiligheidsdistrik in die bevel genoem, of enige persoon op 'n plek of in 'n gebied in 'n veiligheidsdistrik geleë en in die bevel aangedui, verbied om te eniger tyd gedurende die nag buite die grens van 'n erf, perseel of terrein of ander plek wat bestem is of normaalweg gebruik word as woonplek vir mense, te wees.

(b) 'n Bevel kragtens paragraaf (a) uitgereik —

- (i) kan betrekking hê op 'n persoon in die bevel genoem, of enige persoon van 'n kategorie in die bevel genoem, of enige ander persoon as 'n persoon van so 'n kategorie, of alle persone, behalwe die lede of 'n lid van die veiligheidsmagte;
- (ii) is van krag gedurende 'n tydperk in die bevel genoem of, indien 'n tydperk nie aldus genoem word nie, totdat dit ingetrek word.

(c) In paragraaf (a)(v) beteken "nag" die tydperk vanaf 'n halfuur na sononder op enige dag tot 'n halfuur voor sonop die volgende dag.

(3) Die Administrateur-generaal kan verklaar dat 'n gebied in die verklaring omskryf en geleë langs 'n grens van 'n veiligheidsdistrik wat ook 'n internasionale grens van die gebied is, 'n verbode gebied is, en kan —

- (a) beveel dat niemand daardie gebied mag binnegaan of daarin mag wees nie;
- (b) genoemde persone of persone van 'n genoemde kategorie in die bevel van die bepalings daarvan vrystel;
- (c) in die bevel voorwaardes en vereistes bepaal onderworpe waaraan iemand wat nie aldus vrygestel is nie, toegelaat mag word om daardie gebied binne te gaan of daarin te wees.

(4) Die Administrateur-generaal kan bepaal dat iemand wat verlies ten opsigte van sy eiendom gelyk het as gevolg van optrede kragtens 'n bepaling van hierdie artikel, vergoed moet word, en kan die reëlings tref wat hy

may make such arrangements as he may deem fit in connection with the accommodation of any person ordered under this section to leave his usual place of residence.

Powers of security forces in a security district

4. (1) Any commissioned officer or non-commissioned officer of the security forces may take or order the taking of such steps as he may deem necessary for the enforcement of any order issued under section 3.

(2) A commissioned officer or non-commissioned officer of the security forces, who suspects that any person who is within a security district, committed an offence at any time, or intends or at any time intended to commit an offence or is in possession of information relating to the commission of an offence by any person or any person's intention to commit an offence, may, without a warrant —

- (a) search such person or any premises, building, structure, vehicle, thing or place in a security district, to determine if the offence was committed or is or was intended to be committed;
- (b) in such manner as he may deem fit, cause any vehicle that is in motion in a security district to be stopped, in order to search it;
- (c) seize anything found on such person or on, in or at such premises, building, structure, vehicle, thing or place and which, in the opinion of the commissioned or non-commissioned officer, may afford proof of or is connected with the commission of an offence or any intention to commit an offence;
- (d) arrest such person or cause him to be arrested, question him or cause him to be questioned about the offence or intended offence, and, for the purpose of the questioning, detain him or cause him to be detained, in any place deemed suitable by the commissioned or non-commissioned officer: Provided that no person shall under this paragraph be detained for a period longer than ninety-six hours.

(3) The provisions of sections 30 to 36 of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act 51 of 1977), shall *mutatis mutandis* apply to anything seized under subsection (2)(c).

(4) A person detained under subsection (2) (d) —

- (a) shall not be entitled to consult a legal adviser, except with the approval of the Administrator-General or a person acting on his authority;
- (b) shall at the order of the Administrator-General be released on such conditions, if any, as the Administrator-General may determine.

goed ag in verband met die huisvesting van iemand wat kragtens hierdie artikel beveel is om sy gewone verblyfplek te verlaat.

Bevoegdhede van veiligheidsmagte in 'n veiligheids-distrik

4. (1) 'n Offisier of onderoffisier van die veiligheidsmagte kan die stappe doen, of beveel dat die stappe gedoen word, wat hy nodig ag vir die handhawing van 'n bevel kragtens artikel 3 uitgereik.

(2) 'n Offisier of onderoffisier van die veiligheidsmagte wat vermoed dat iemand wat in 'n veiligheids-distrik is, te eniger tyd 'n misdryf gepleeg het, of van plan is of te eniger tyd van plan was om 'n misdryf te pleeg, of oor inligting beskik wat op die pleeg van 'n misdryf deur iemand of iemand se bedoeling om 'n misdryf te pleeg, betrekking het, kan sonder 'n lasbrief —

- (a) daardie persoon of enige perseel, gebou, bousel, voertuig, ding of plek in 'n veiligheidsdistrik deursoek om vas te stel of die misdryf gepleeg is of beplan is of word;
- (b) 'n voertuig wat in 'n veiligheidsdistrik in beweging is, op die wyse wat hy goed ag tot stilstand laat bring ten einde dit te deursoek;
- (c) beslag lê op enigiets wat by daardie persoon of op, in of by daardie perseel, gebou, bousel, voertuig, ding of plek gevind word en wat na die oordeel van die offisier of onderoffisier bewys kan lewer van of in verband staan met die pleeg van 'n misdryf of 'n bedoeling om 'n misdryf te pleeg;
- (d) daardie persoon arresteer of laat arresteer, hom ondervra of laat ondervra oor die betrokke misdryf of voorgenome misdryf, en hom vir die doel van die ondervraging aanhou of laat aanhou in enige plek wat die offisier of onderoffisier geskik ag: Met dien verstande dat niemand kragtens hierdie pragraaf vir 'n tydperk langer as ses-en-negentig uur aangehou word nie.

(3) Die bepalings van artikels 30 tot 36 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), is *mutatis mutandis* van toepassing op iets waarop daar kragtens subartikel (2)(c) beslag gelê is.

(4) Iemand wat kragtens subartikel (2)(d) aangehou word —

- (a) is nie geregtig om 'n regsadviseur te raadpleeg nie, behalwe met die goedkeuring van die Administrateur-generaal of iemand wat op sy gesag handel;
- (b) moet op bevel van die Administrateur-generaal vrygelaat word op die voorwaardes, indien daar is, wat die Administrateur-generaal bepaal.

Notice of meeting in security district

5. (1) No person shall preside or otherwise officiate at, or address or attend any meeting at any place within a security district unless he or some other person has, at least twenty-four hours before the commencement of such meeting, given notice to the magistrate of the district in which such place is situated, of —

- (a) the place and time at which the meeting is to be held;
- (b) the nature of the meeting; and
- (c) the person or organisation by or in whose interest the meeting is to be held.

(2) The provisions of subsection (1) shall not apply to a meeting —

- (a) for the purpose of a *bona fide* church service or a funeral;
- (b) in connection with the domestic affairs of any household;
- (c) of the members of a statutory body of persons, held exclusively for the purpose of transacting any business of that body;
- (d) for the purpose of instruction under any law;
- (e) held as a *bona fide* sports gathering or for entertainment;
- (f) of any assembly, council, committee, cabinet or other legislative or governmental authority established by or under any law;
- (g) for official administrative or judicial purposes;
- (h) held after such notice as is prescribed in subsection (1) but given less than twenty-four hours before the commencement of such meeting, if the magistrate concerned has in writing authorized such meeting.

(3) In this section "meeting" means any meeting, gathering or assembly at which more than five persons are present at any one time.

Offences and penalties

6. (1) Any person who —
- (a) contravenes or fails to comply with any provision of this Proclamation or any order issued under such a provision or any condition or requirement imposed under such a provision or such an order; or

Kennisgewing van vergadering in veiligheidsdistrik

5. (1) Niemand mag by 'n vergadering op enige plek in 'n veiligheidsdistrik voorsit of 'n ander amp waarneem, of dit toespreek of bywoon nie, tensy hy of 'n ander persoon minstens vier-en-twintig uur voor die aanvang van die vergadering, aan die landdros van die distrik waarin daardie plek geleë is, kennis gegee het van —

- (a) die plek en tyd waarop die vergadering gehou staan te word;
- (b) die aard van die vergadering; en
- (c) die persoon of organisasie deur of in wie se belang die vergadering gehou staan te word.

(2) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing nie op 'n vergadering —

- (a) vir die doel van 'n *bona fide*-kerkdiens of 'n begrafnis;
- (b) in verband met die huishoudelike sake van enige huishouding;
- (c) van die lede van 'n statutêre liggaam van persone, wat uitsluitlik vir die verrigting van besigheid van daardie liggaam gehou word;
- (d) vir die doel van onderrig ingevolge die een of ander wet;
- (e) wat as 'n *bona fide*-sportbyeenkoms of vir vermaak gehou word;
- (f) van 'n vergadering, raad, komitee, kabinet of ander wetgewende of regeringsowerheid wat by of kragtens die een of ander wet ingestel is;

- (g) vir amptelike administratiewe of geregtelike doeleindes;
- (h) gehou na die kennisgewing wat by subartikel (1) voorgeskryf word maar wat minder as vier-en-twintig uur voor die aanvang van die vergadering gegee is, indien die betrokke landdros daardie vergadering skriftelik gemagtig het.

(3) In hierdie artikel beteken "vergadering" enige vergadering, byeenkoms of samekoms waarby meer as vyf persone op enige tydstip aanwesig is.

Misdrywe en strawwe

6. (1) Iemand wat —
- (a) 'n bepaling van hierdie Proklamasie of 'n bevel kragtens so 'n bepaling uitgereik of 'n voorwaarde of vereiste kragtens so 'n bepaling of bevel opgelê, oortree of versuim om daaraan te voldoen; of

- (b) in any notice in terms of section 5(1) makes any false statement, knowing it to be false; or
- (c) resists, obstructs or hinders a member of the security forces in the exercise of his powers or the performance of his duties or functions under this Proclamation,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding six hundred rand or, in default of payment of such fine, imprisonment for a period not exceeding one year, or to such imprisonment without the option of a fine, or to both such fine and such imprisonment.

(2) A magistrate's court shall have jurisdiction to impose any penalty authorized by subsection (1).

Proof of certain facts

7. If any declaration, determination or order under a provision of this Proclamation is made or issued by notice in the *Official Gazette* or has been published in the *Official Gazette*, a copy of the *Official Gazette* in which it has been published shall, on its mere production in any court of law, be conclusive proof of the fact that the declaration, determination or order was issued or made, and of its contents.

Indemnity

8. (1) No civil action of any nature shall be capable of being instituted against the State, any government or administration, the Administrator General, any member of any government or administration, any member of the security forces or any person in the service of the State or any government or administration, in respect of a cause of action arising out of or in connection with the operation of this Proclamation.

(2) (a) No criminal action shall be capable of being instituted against any person referred to in subsection (1) by reason of anything advised, ordered, done or omitted by him in good faith in the exercise of his powers or the performance of his duties or functions under this Proclamation or in dealing with any situation arising or likely to arise from the application of its provisions.

(b) If in any prosecution brought against any person the question arises whether anything advised, ordered, done or omitted by him as aforesaid was advised, ordered, done or omitted in good faith, it shall be presumed, unless the contrary is proved, that it was advised, ordered, done or omitted in good faith.

(3) No interdict or other process shall issue for the stay of an order issued or decision made under this

(b) in 'n kennisgewing ingevolge artikel 5(1) 'n valse verklaring maak, wetende dat dit vals is;

(c) 'n lid van die veiligheidsmagte by die uitoefening van sy bevoegdhe of die verrigting van sy pligte of werksaamhede ingevolge hierdie Proklamasie weerstaan, dwarsboom of belemmer,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens seshonderd rand of, by wanbetaling van die boete, gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar, of met daardie gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

(2) 'n Landdroshof is bevoeg om enige straf wat by subartikel (1) gemagtig word, op te lê.

Bewys van sekere feite

7. Indien 'n verklaring, bepaling of bevel kragtens hierdie Proklamasie by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* gedoen of uitgereik is, of in die *Offisiële Koerant* gepubliseer is, is 'n kopie van die *Offisiële Koerant* waarin dit gepubliseer is, by die blote oorlegging daarvan in 'n geregshof, afdoende bewys van die feit dat die verklaring, bepaling of bevel gedoen of uitgereik is, en van die inhoud daarvan.

Vrywaring

8. (1) Geen siviele geding van enige aard kan teen die Staat, enige regering of administrasie, die Administrateur-generaal, 'n lid van 'n regering of administrasie, 'n lid van die veiligheidsmagte of 'n persoon in diens van die Staat of 'n regering of administrasie, ingestel word nie tén opsigte van 'n eisoorzaak wat uit die werking van hierdie Proklamasie voortspruit of daarmee in verband staan.

(2) (a) Geen strafregtelike geding kan teen 'n in subartikel (1) bedoelde persoon ingestel word nie op grond van enigiets wat te goeder trou deur hom aangeraai, beveel, gedoen of gelaat is by die uitoefening van sy bevoegdhe of die uitvoering van sy pligte of werksaamhede kragtens hierdie Proklamasie of by die hantering van 'n toestand wat uit die toepassing van die bepaling daarvan ontstaan of waarskynlik sal ontstaan.

(b) Indien die vraag by 'n vervolging van enigiemand ontstaan of enigiets wat deur hom aangeraai, beveel, gedoen of gelaat is soos voormeld, te goeder trou aangeraai, beveel, gedoen of gelaat is, word geag dat dit te goeder trou aangeraai, beveel, gedoen of gelaat is, tensy die teendeel bewys word.

(3) Geen interdik of ander prosesstuk word uitgereik vir die opskorting van 'n bevel kragtens hierdie

Proclamation, and no such order or decision shall be suspended by reason of any appeal against a conviction under this Proclamation.

(4) The provisions of subsections (1), (2) and (3) shall in no way derogate from any provision of the Defence Act, 1957 (Act 44 of 1957).

Repeal of laws

8. (1) Proclamations R.17 of 4 February 1972 and R.89 of 19 May 1976 are hereby repealed.

(2) The repeal of the said Proclamation R.89 shall not affect the validity of anything referred to in regulation 22 contained in the Schedule to that Proclamation.

Short title

9. This Proclamation shall be called the Security Districts Proclamation, 1977.

Proklamasie uitgereik of 'n besluit daarkragtens geneem nie, en geen sodanige bevel of besluit word op grond van 'n appèl teen 'n skuldigbevinding kragtens hierdie Proklamasie, opgeskort nie.

(4) Die bepalings van subartikels (1), (2) en (3) doen geen afbreuk aan enige bepaling van die Verdedigingswet, 1957 (Wet 44 van 1957), nie.

Herroeping van wette

8. (1) Proklamasies R.17 van 4 Februarie 1972 en R.89 van 19 Mei 1976 word hierby herroep.

(2) Die herroeping van genoemde Proklamasie R.89 raak nie die wettigheid van enigiets wat in regulasie 22 in die Bylae by daardie Proklamasie vervat, vermeld word nie.

Kort titel

9. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op Veiligheidsdistrikte, 1977.

Government Notice

OFFICE OF THE ADMINISTRATOR-GENERAL
FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST
AFRICA

No. AG. 1

11 November 1977

DECLARATIONS AND ORDERS UNDER THE
SECURITY DISTRICTS PROCLAMATION, 1977:
DISTRICTS OF OWAMBO, KAVANGO AND EAST-
TERN CAPRIVI

Under the powers vested in me by —

(a) section 2(1) of the Security Districts Proclamation, 1977, I hereby declare that the provisions of sections 3, 4 and 5 of that Proclamation shall apply in the Districts of Owambo, Kavango and Eastern Caprivi;

(b) section 3(3) of the said Proclamation —

(i) I hereby declare the area defined in the Schedule and situated in the district of Owambo, to be a prohibited area;

(ii) I hereby order that no person shall enter or be in that area, unless he is a member of the security forces, or unless he is in possession of the permission in writing of a commissioned officer of the said forces and enters or sojourns in that

Goewermentskennisgewing

KANTOOR VAN DIE ADMINISTRATEUR-
GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-
AFRIKA

No. AG. 1

11 November 1977

VERKLARINGS EN BEVELE KRAGTENS DIE
PROKLAMASIE OP VEILIGHEIDSDISTRIKTE,
1977: DISTRIKTE OWAMBO, KAVANGO EN
OOS-CAPRIVI

Kragtens die bevoegdheid my verleen by —

(a) artikel 2(1) van die Proklamasie op Veiligheidsdistrikte, 1977, verklaar ek hierby dat die bepalings van artikels 3, 4 en 5 van daardie Proklamasie in die distrikte Owambo, Kavango en Oos-Caprivi van toepassing is;

(b) artikel 3(3) van genoemde Proklamasie —

(i) verklaar ek hierby die gebied in die Bylae omskryf en in die distrik Owambo geleë, tot verbode gebied;

(ii) beveel ek hierby dat niemand daardie gebied mag binnegaan of daarin mag wees nie, tensy hy 'n lid van die veiligheidsmagte is, of tensy hy in besit is van die skriftelike toestemming van 'n offisier van genoemde magte en daardie

area under the supervision of a member or members of the said forces.

gebied binnegaan of daarin vertoef onder toesig van 'n lid of lede van genoemde magte.

M. T. STEYN,

Administrator-General

Windhoek, 9 November 1977

M. T. STEYN,

Administrateur-generaal

Windhoek, 9 November 1977

SCHEDULE

BYLAE

From a point where the meridian of longitude 14° east intersects the middle of the Kunene River; thence eastwards along the said middle up to a point at the Ruacana Falls above the crest or lip where the said middle intersects the parallel of latitude 17° 23' 23,73" south; thence eastwards along the said parallel of latitude to a point where it intersects the meridian of longitude 18° east; thence due south along the said meridian of longitude 18° east for a distance of 1 000 metres; thence westwards along a line 1 000 metres from and parallel to the said parallel of latitude 17° 23'23,73" south to a point 1 000 metres from the middle of the Kunene River; thence westwards along a line 1 000 metres from and parallel to the said river to a point on the boundary common to the Districts of Owambo and Kaokoland; thence north-westwards along the said common boundary to the point where the meridian of longitude 14° east intersects the middle of the Kunene River, the point of beginning.

Begin by 'n punt waar lengtemeridiaan 14° oos die middel van die Kunenerivier kruis; daarvandaan ooswaarts met genoemde middel langs tot by 'n punt by die Ruacanavalle, bokant die kruin of rand waar genoemde middel die breedtesirkel 17° 23'23,73" suid kruis; daarvandaan ooswaarts met genoemde breedtesirkel langs tot by 'n punt waar dit lengtemeridiaan 18° oos kruis; daarvandaan reg suid met genoemde lengtemeridiaan 18° oos langs vir 'n afstand van 1 000 meter; daarvandaan weswaarts met 'n lyn langs 1 000 meter van genoemde breedtesirkel 17° 23'23,73" suid af en parallel daarmee tot by 'n punt 1 000 meter van die middel van die Kunenerivier; daarvandaan weswaarts met 'n lyn langs 1 000 meter van genoemde rivier af en parallel daarmee tot by 'n punt op die gemeenskaplike grens van die distrikte Owambo en Kaokoland; daarvandaan noordweswaarts met die genoemde gemeenskaplike grens langs tot by die punt waar lengtemeridiaan 14° oos die middel van die Kunenerivier kruis, die beginpunt.